

SONDAG 13 JAN 2002
NG KERK POTCHEFSTROOM-SUID : AANDDIENS

LITURGIE

<u>WIE</u>	<u>WAT</u>	<u>DETAIL</u>	<u>BORD/MUSIEK</u>
	Musiek		CD1
MG	Lof-en-aanbidding	Kom loof die Heer Loof die Heer Hy is Goed Loof Hom met die tromme As ek in die aand na die sterre kyk O Heer my God Majesteit Ons is almal hier tesaam Halleluja, U is koning Jesus, groot bo almal	
	Musiek	“I surrender all” (snit 1)	CD2
	Gebed		
	Voorlesing		
	Gebed		
Liturg	Skriflesing	Joh 2:13-22	Skrif
Liturg	Preek	‘n Huis van gebed...	Skrif
	Musiek	“Into your holiness we come” (snit 8)	CD3
Almal	Gebede	Kleingroepe: * Gebedslys * Elsabe Cloete * Nico Maritz: nier ontvang * Tannie Dolores se ma in hospitaal * * * * *	
Diakens	Offergawe	Afkondigings (week van gebed) op digitale bord	

Liturg	Voorlesing	<p>You see, I can't quite make it through a day just on my own. I need your love to guide me, so I'll never feel alone.</p> <p>I want to ask you please to keep, my family safe and sound. Come and fill their lives with confidence for whatever fate they are bound.</p> <p>Give me faith, dear God, to face each hour throughout the day, and not to worry over things I can't change in any way.</p> <p>I thank you God, for being home and listening to my call. For giving me such good advice When I stumble and fall.</p> <p>Your number, God, is the only one that answers every time. I never get a busy signal, never had to pay a dime.</p> <p>So thank you, God, for listening to my troubles and my sorrow. Good night God, I love You too, and I'll call again tomorrow!</p>	Lees1
Hannes	Liedere		
	Seën		

Joh 2: ¹³ Die paasfees van die Jode was naby, en Jesus het daarvoor na Jerusalem toe gegaan. ¹⁴ Op die tempelplein het Hy die verkopers van beeste, skape en duive gekry en die geldwisselaars wat daar sit. ¹⁵ Toe het Hy met toutjies 'n sweep gemaak en almal uit die tempel uitgejaag, ook die skape en die beeste. Die geld van die geldwisselaars het Hy op die grond gegooi en hulle tafels omgekeer. ¹⁶ Vir die mense wat die duive verkoop het, het Hy gesê: “Wat hierdie goed hier weg! Moenie die huis van my Vader 'n besigheidsplek maak nie.” ¹⁷ Toe het sy dissipels daaraan gedink dat daar geskrywe staan: “Die liefde vir u huis verteer my.” ¹⁸ Maar die Jode het Hom aangespreek en vir Hom gesê: “Met watter wonderteken kan u vir ons bewys dat u hierdie dinge mag doen?” ¹⁹ Jesus het hulle geantwoord: “Breek hierdie tempel af en in drie dae sal Ek hom oprig.” ²⁰ Die Jode sê toe: “Ses en veertig jaar lank is daar aan hierdie tempel gebou, en u sal hom in drie dae oprig?” ²¹ Met “hierdie tempel” het Hy egter sy liggaam bedoel. ²² Later, nadat Hy uit die dood opgewek is, het sy dissipels daaraan gedink dat Hy dit gesê het, en hulle het die Skrif en die woorde van Jesus geglo.

Ander gedeeltes:

Mat 21:12-13

Mark 11:15-17 “Staan daar nie geskrywe: ‘My huis sal 'n huis van gebed vir al die nasies wees’ (Jes 56:7)

Luk 19:45-46

PREEKSKETS

Daarom ook 'n tweede skoonmaak van tempel:

- *Mat 21:12¹² Jesus het tempel toe gegaan en al die mense wat op die tempelplein koop en verkoop, daar uitgejaag. Die tafels van die geldwisselaars en die stoele van die duiweverkopers het Hy omgegooi¹³ en vir hulle gesê: “Daar staan geskrywe: ‘My huis sal ’n huis van gebed wees,’ maar julle maak dit ’n rowersnes.”*

TYD VAN DIE PAASFEES

Eks 12:¹⁴ “Hierdie dag moet vir julle ’n gedenkdag wees. Julle moet dit as ’n fees tot eer van die Here vier. Vir julle nageslag moet dit ’n vaste instelling wees wat hulle moet vier.

Eerste paasfees na Jesus se doop

- Tweede in Luk 6:1
- Derde in Joh 6:4
- Vierde: Jesus gekruisig

Jesus se openbare bediening net 3 jaar / 42 maande

- Daniël 9:27

ELKEEN MOES SY OFFER BRING

Deut 16:16¹⁶ “Drie keer elke jaar moet al jou mans in die plek wat die Here jou God sal kies, in sy teenwoordigheid verskyn: op die fees van die ongesuurde brood, die fees van die weke en die huttefees. Die volk mag nie sonder offers in die teenwoordigheid van die Here verskyn nie.

Josephus (geskiedskrywer)

- Naastenby 200 000 lammetjies per jaar tydens paasfees in Jerusalem geslag is.

Vir die mense wat van ver af gekom het, was dit moeilik.

- Hulle kon nie hulle offerdiere so ver gebring het nie.

Daarom het die Here lank terug voorsiening gemaak:

Deut 14:24²⁴ Maar as die Here jou God jou baie voorspoedig maak en die plek wat Hy sal kies om sy Naam daar te vestig boonop nog ver van jou af is, sodat jy nie die tiende die hele ent pad kan dra nie,²⁵ kan jy die tiende in geld omsit. Jy moet dan die geld vat en na die plek toe gaan wat die Here jou God vir Hom gekies het.²⁶ Daar moet jy met die geld koop net wat jy wil: bees, skaap, wyn, bier, of enigiets anders wat jy wil hê. Dan moet jy en jou familie dit daar in die teenwoordigheid van die Here jou God eet en bly wees

'n Klomp ouens het die kans gesien om geld te maak uit hierdie saak.

- Talle stalletjies by die tempel.
- Verkoop al die diere wat nodig is om te offer.
- Ruil buitelandse geld in.

Dit het nie in die tempel gebeur nie, maar in die tempel-erf

- Tempel bestaan uit twee dele:
- Naos (tempelgebou) en die heiron (tempel-erf)
- Hierdie erf omtrent 19 akker.
- Verdeel in 4 gedeeltes:
 - "Court" van heidene
 - vroue
 - Israel
 - priesters

Hierdie markte is gehou in die "court" van die heidene.

TEMPELBELASTING

Elke Israeliet moes nie net een tydens die paasfees kom offer nie.

- Elke man ouers as 20 jaar moes ook jaarliks, wanneer hulle vir die paasfees kom, hulle tempelbelasting betaal.

Die voroskrif daarvoor kry ons in Eks 30:13

Eksodus 30: 13 "Elkeen wat kom om getel te word, moet met silwer betaal, ses gram volgens die standaardgewig van die heiligdom. Die ses gram is 'n offergawe vir My, die Here.

- Dit het neergekom op 'n halwe sikkkel per jaar.

Die amptenare wat by die tempel werk het die mense fyn dopgehou.

- Seker gemaak elkeen betaal sy tempelbelasting.
- Op 'n stadium het hulle selfs vir Jesus voorgekeer.

Mat 17:24 By hulle aankoms in Kapernaum het die amptenare wat die tempelbelasting invorder, na Petrus toe gegaan en gesê: "Wat van julle leermeester? Betaal hy dan nie tempelbelasting nie?"

Daarom het daar 'n sterk besigheid by die tempel ontwikkel:

- 1) Party ouens verkoop duiwe en kleiner offerdiere.
- 2) Ander ruil die Griekse en Romeinse geld om vir Joodse sikkels om tempelbelasting te betaal.
- 3) Ander vorder hierdie tyd van die jaar elkeen se tempelbelasting in.

- Inkomste van \$300 000 per jaar.

LIEFDE VIR VADER SE HUIS

En dis in hierdie tyd dat Jesus nou na die tempel toe kom.

- Hy wil net in die tempel kom wees.
- Hy wil kom offer vir Sy Vader.
- Hy wil dankie sê vir die verlossing uit Egipte
- Hy wil gereedmaak vir die verlossing uit sonde.

In Sy hart is daar 'n passie vir Sy Vader se huis.

- 'n Brandende verlange.
- Toe Hy klein was het Hy op 'n stadium weggeraak.
- Na 'n lang gesoek het hulle Hom by die tempel gekry.
- Besig om te leer en te onderrig.

- *Luk 2:⁴⁹ Maar Hy antwoord hulle: “Waarom het u na My gesoek? Het u nie geweet dat Ek in die huis van my Vader moet wees nie?”*

Wat 'n teleurstelling toe Hy by die tempel kom.

- Dis net duiwerkopers en geldwisselaars waar jy kyk.
- Mense koop en verkoop.
- Mense koop vinnig 'n duifie en offer dit.
- Daar is nie maar oorgawe nie.
- Daar is geen commitment.
- Daar is geen opoffering.

En ter selfdetyd word die mense wat wil kom offer uitgebuit.

- Die duiwe en ander offerdiere word vir belaglike hoë pryse verkoop.

Dit het nie meer oor gebed gegaan nie.

Of oor offers.

Of oor dankbaarheid.

- Dit het oor plig gegaan.
- En hoe vinniger en goedkoper jy hierdie plig kon nakom, hoe beter.

En daardie dag het Jesus man-alleen die duiweverkopers en geldwisselaars uit die tempel gejaag.

- Hoekom?
- Sodat dit weer 'n plek van gebed kan wees.
- Sodat mense weer vir God daar kan vind.
- Sodat mense vanoor die hele wêreld kan kom om God daar te aanbid.

"My huis sal 'n huis van gebed wees"

Gaan kyk maar na Jesus se lewe.

Gaan kyk watter rol het gebed in Sy lewe gespeel:

Luk 6:12 ¹² In daardie tyd het Jesus uitgegaan na die berg toe om te bid en die hele nag deurgebring in gebed tot God.

Watter rol het gebed in die geskiedenis gespeel?

2 Kron 20:22 ²² Juis toe, toe die sangers met die lofprysing en gebed begin, het die Here onverwagte aanvalle bewerk op die Ammoniete, die Moabiete en die mense van die Seërberge wat teen Juda opgetrek het, en hulle het die een neerlaag na die ander gely.

1 Kon 17:²² Die Here het Elia se gebed verhoor: die lewe het teruggekóm, die kind het gelewe.

Jes 38:5⁵ “Gaan sê vir Hiskia: So sê die Here die God van jou voorvader Dawid: Ek het jou gebed verhoor, Ek het jou tranes gesien. Ek sal jou lewe met vyftien jaar verleng

Job 42: en die Here het Job se gebed verhoor.

¹⁰Nadat Job vir sy vriende gebid het, het die Here die omstandighede van Job verander en hom twee keer soveel gegee as wat hy gehad het.

Mark 9: ²⁸Nadat Jesus huis toe gegaan het, toe hulle alleen was, het sy dissipels Hom gevra: “Waarom kon ons die gees nie uitdrywe nie?” ²⁹Hy het vir hulle gesê: “Hierdie goed kan met niks anders as met gebed uitgedrywe word nie.”

Luk 1: ¹³maar die engel sê vir hom: “Moenie bang wees nie, Sagaria, want jou gebed is verhoor. Jou vrou, Elisabet, sal aan jou ’n seun skenk, en jy moet hom Johannes noem.

Open 22:17 ¹⁷Die Gees en die bruid sê: “Kom!” En elkeen wat dit hoor, moet sê: “Kom!”

Waar mense gebid het, het God geantwoord.

Waar mense geklop het, het God oopgemaak.

Waar mense gesoek het, het hulle vir God gevind.

As hierdie kerk 'n huis van gebed is..

- Waar ons regtig vir God soek, sal ons Hom vind.
- Waar ons regtig vir God vra, sal Hy vir ons gee.

Week van gebed 2002

Hoe behoort 'n week van gebed te lyk?

Watter dinge behoort plaas te vind?

- Selfondersoek & Skuldbelydenis

Jes 1:15¹⁵ As julle julle hande in gebed uitstrek, sal Ek my oë vir julle toemaak. Selfs al bid julle hoe baie, sal Ek nie luister nie, want julle hande is met bloed bevlek.

- Belydenisse teenoor mekaar

Jak 5:16¹⁶ Bely julle sondes eerlik teenoor mekaar en bid vir mekaar, sodat julle gesond kan word. Die gebed van ’n gelowige het ’n kragtige uitwerking.

- Volhardende gebed

Kol 4:2² Volhard in die gebed!

Rom 12:12 volhard in gebed.

- Vreemdelinge behoort welkom te wees

Jes 56:³ ’n Nie-Israeliet wat by die volk van die Here aangesluit het, moenie dink: die Here sal my van sy volk

afsnynie. 'n Ontmande moenie van homself dink: ek is maar 'n droë boom nie. ⁴ So sê die Here: Aan die ontmandes wat my sabbatte onderhou, wat kies vir wat Ek wil, en wat lewe volgens my verbond, ⁵ aan hulle sal Ek in my tempel en aan sy mure 'n teken gee, 'n ere naam wat beter is as seuns en dogters. Ek sal aan sulke mense 'n naam gee wat nie uitgewis sal word nie. ⁶ Ek sal die nie-Israeliete wat by my volk aansluit om My te dien, om my Naam lief te hê, en om my dienaars te wees, almal wat my sabbatte onderhou en dit nie onheilig nie, en wat lewe volgens my verbond, ⁷ na my heilige berg toe bring. Ek sal aan hulle vreugde gee in my huis van gebed, hulle brandoffers, hulle offers op my altaar sal vir My aanneemlik wees, want my tempel sal uitgeroep word tot 'n huis van gebed vir al die volke. ⁸ Die Here my God wat die verstrooides van Israel bymekaarmaak, sê: Ek sal nog ander byvoeg by dié wat reeds bymekaargemaak is.

- Hy wat bid, moet glo

Mark 11:24 ²⁴ Daarom sê Ek vir julle: Alles wat julle in die gebed vra, glo dat julle dit al ontvang het, en dit sal vir julle so wees.

Ten slotte:

Gebed is so belangrik dat die Woord sê:

1 Kor 7:5 ⁵ Moenie vir mekaar omgang weier nie, behalwe met wedersydse toestemming en net vir 'n bepaalde tyd om julle aan die gebed te wy.

Hand 6:4 ⁴ Ons sal dan al ons aandag aan gebed en die bediening van die woord bly gee.”